# DIE OLIELAMP

**Nasionale Jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika**

## *Redaksioneel*

Die jaar 1998 mag ons met dank aan die Here begin. Hy het ons almal bewaar en na ‘n heerlike vakansietyd mag ons weer met goeie moed en nuwe voornemens begin. “Die Olielamp” redaksie se goeie voorneme is om die blad ‘n sukses te maak.

Om dit te verwesenlik het ons op 25 Des 1997 ‘n gesamentlike vergadering gehou. Daar is die naam van die blad eenparig aanvaar, "die Olielamp". Die lig van ons geloof en die wete dat Christus vir ons sondes gesterf het mag ons deur die blad uitdra.

Verder is daar besluit om nie roosters van die onderskeie jeugverenigings te publiseer nie, omdat die spasie beter benut kan word. Ander reëlings t.o.v. organisasie en tegniese versorging is ook bespreek.

Daar is vir elke redaksie (dus elke gemeente) 'n kommunikator aangewys:

| | | |
|---|---|---|
| Kaapstad | - | Erik van Alten |
| Johannesburg | - | Wolter Bijker |
| Maranata | - | Johannes de Vries |
| Pretoria | - | Marieke de Wit |

Enige voorstelle en kritiek kan na die persone deurgestuur word.

In hierdie uitgawe kan u meer lees oor die geslaagde 1997 kongres... foto’s, gedagtes en ‘n strokiesprent. Oom Hans het kans gesien om op kort kennisgewing 'n artikel te skryf oor "Is die belydenisskrifte tydsgebonde?" Artikels oor die ander werkswinkels sal in die volgende uitgawe verskyn.

Ons wil almal wat die blad lees aanmoedig om artikels te skryf. Sonder julle kan “Die Olielamp” nie bestaan nie! Dankie aan die wat hierdie maand gehelp het om ‘n uitgawe moontlik te maak. Ek wil graag namens die redaksie aan elkeen ‘n geseende 1998 toewens en afsluit met die teks uit 1 Thess. 5:16-18.

“Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in julle verwag.”

Namens die redaksie, groete!
Marieke

**INHOUD**


| | | | |
|---|---|---|---|
| Uit die Woord | Nuwe idees | Thea de Jager | 2 |
| | Wie sal vloek as Hy seën | Erik Van Alten | 3 |
| Oppad | Is die belydenisskrifte tydsgebonde?- | Oom Hans Snijder | 4 |
| | Met wie trou ek? | Nonka Byker | 5 |
| | Is u ook gesekulariseer? | Johan Moes | 6 |
| | Bybel en Natuur | Frans Hagg | 9 |
| | Aborsie | Wilma Lubbinge | 10 |
| Voel jy ook so? | Kongres 1997 | Maryke van der Eems | 12 |
| | Kongres 1997 | Karina Smit | 13 |
| | Strokiesprent | | 14 |
| Rehobot | Deur die sleutelgat | | 15 |
| Rondvraag | Verjaarsdae | | 16 |
| | Gediggie | Annemarie de Vente | 16 |

# NUWE IDEES

Thea de Jager

Telkens as ‘n mens televisie kyk, radio luister of koerant lees, staan ‘n mens die afgelope tyd verbaas oor al die idees van soveel groepe en enkelinge wat aan jou opgedis word. Alles wat ‘n mens nog altyd geglo het, word bevraagteken. Is God nog in beheer? Straf God mense? Solank dit op die voortreflike manier gestel en verkieslik nog ‘n wetenskaplike sousie oorgegooi word, word daar graag na al die idees geluister.

Is nuwe idees dan verkeerd? Nee, want God het in die Skepping soveel moontlikhede vir die mens opgesluit om kreatief mee te werk te gaan. Die probleem kom egter as ‘n mens miskyk dat jy op ‘n ontdekkingsreis is deur God se Skepping. Die skepping dwing ‘n mens tot besinning. Niemand kan daarvan loskom dat hulle met iets werk wat iewers vandaan moes gekom nie. Party probeer God afsluit - hulle verkondig allerhande wetenskaplik-klinkende idees nl. dat die een ding uit die ander ding voortgekom het. Al die verskillende aannames word verskuil agter ‘n tydsrooster van miljarde jare. Daar is egter ook die mens wat God deel van sy Skepping wil maak, wat die skepping eintlik wil vergoddelik. En so word die mistieke Oosterse- en Afrikagodsdienste, in ‘n wetenskaplike baadjie, ons land ingedra.

Die Woord van God dwing ons ook om met die idees binne die lyne daarvan en die lig wat dit op sy skeppingswerk gooi, te bly. Dit laat ‘n mens erken dat dit wat nuut ontdek word, ou dinge is wat God reeds lankal vir ons weggesluit het en dat Hy aan ons die gawes en geleenthede gegee het om daarby uit te kom. Dit laat ‘n mens dan ook jou kleinheid besef wanneer jy God se skeppingsplan aanskou en besef dat Hy elke oomblik dit alles so sorgvuldig instand hou, beheer en bestuur.

Laat ons, ons roeping hier op aarde altyd in beskeidenheid van Psalm 8:4,5 vervul: “As ek die hemel aanskou, die werke van U vingers, die maan en sterre waaraan U ‘n plek gegee het, wat is die mens dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?

**Redaksies:**

**Pretoria:**
Redaktrise: Marieke de Wit (sedtdw@persetel.co.za)
Sekretaresse: Iemke Buenk
Penningmeester: Johan Moes
Lede: Rinus Kamphuis
Tineke de Vries
Tegnies: Bijker Broers (dieolielamp@usa.net)

**Maranata:**
Redakteur: Johannes de Vries
(johannes@getafix.ef.techpta.co.za)
Penningmeester: Gerjan Hagg
Lede: Annemarie de Vente
Axel Hagg

**Kaapstad:**
Redakteur: Jopie v/d Linden
Penningmeesteresse: Christine v/d Linden & Mirjam Raimond
Lede: Maartje Eefting
Dirk Boon
Tegnies: Erik van Alten (luctor@ilink.nis.za)

**Johannesburg:**
Redaktrise: Ester Kuyvenhoven
(secuplus@global.co.za)
Lid: Wolter Bijker

Ons hoop om *Die Olielamp* 8 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar is by die volgende tydelike internet adres:
*http://members.tripod.com/~wapenrusting/*

Koste: R35 per jaar

GEVIND

*Agtergeblewe tydens kongres:*
*Slaapsak*
*Tel (011) 763-2660*

# WIE SAL VLOEK AS HY SEËN?

Erik van Alten

Deuteronomium 23:5, 6:
*5 "Maar die Here jou God wou nie na Bileam luister nie, maar die Here jou God het vir jou die vloek in 'n seën verander, omdat die Here jou God jou liefgehad het.*
*6 Jy mag hulle vrede en hulle geluk solank as jy lewe, vir ewig nie soek nie."*

In hierdie twee besondere verse kry ons twee eiename; twee name van persone. Die een wat vir ons waarskynlik die eerste opval, is die naam van Bileam. Hierdie naam bepaal ons by 'n spesifieke tyd en gebeurtenis in die geskiedenis van die kerk. Die meeste van ons ken wel die verhaal van Bileam in Numeri 22-24. As ons die verhaal so 'n bietjie op ons laat inwerk, dan leer ons die aangrypende daarvan sien.

Op daardie stadium lê Israel op die grens van Moab. Tot dusver het hulle alle weerstand voor hulle uit die weg geruim. Hulle oorwinningslys is genoeg om enige koning die skrik op die lyf te jaag. Balak, koning van Moab, is daarom ook verstaanbaar beangs. Hy besef dat dit sinneloos sal wees om met sy magte teen Israel op te staan. Daarom laat haal hy 'n waarsêer om die volk te vervloek. Nou moet ons goed verstaan dat seën of vloek in daardie tyd nie maar 'n vriendelike of minder vriendelike woordjie was nie. Volgens prof. Holwerda is die uitspreek van 'n seën of vloek soos die afskiet van 'n gelaaide pistool. 'n Seën is nie maar 'n heilwens nie, maar 'n KRAG ten goede. 'n Vloek is nie 'n minder vriendelike uitlating nie, maar 'n konkrete gevaar; 'n RAMP. En dis waarvoor Bileam ontbied word. Hy moet Israel vloek sodat Balak hulle daarna met sy magte kan verslaan.
Wat 'n dwaasheid. Wat 'n lagwekkende dwaasheid. "Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle"(Psalm 2:4), omdat "die nasies woel en die volke nietige dinge bedink."(Psalm 2:1)

Bileam gaan dus opreis na Balak, arrogant en vol selfvertroue. Oppad loop hy hom egter onwetend teen die Here vas. In sy hoogmoed en dwaasheid sien hy dit egter nie raak nie. Maar sy esel, die stomme lasdier, se oë word geopen, sodat sy die Engel van die Here, wat die Here self is, op die pad sien staan. In 'n poging om verby die Engel van die Here te kom, stap die esel eers de veld in, daarna druk sy verby die Engel en in dié proses word Bileam se voet beseer en ten einde laaste gaan lê sy plat in die pad. Daar is geen verbykomkans nie.

Dan word ook Bileam se oë geopen sodat hy die Engel van die Here sien staan. Onwillekeurig kom dan die woorde van Psalm 2:12A in my gedagtes op: "Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam." Ja, Bileam wou die Seun nie "kus" nie, want hy was vasgevang in sy eie hoogmoed. Maar die esel het die Seun figuurlik gesproke "gekus" en dit was uiteindelik Bileam se redding. Die Engel sê dit ook duidelik aan Bileam: "As sy (die esel) nie voor My uitgedraai het nie - dan het ek jou alte seker gedood en haar laat lewe." (Numeri 22:33) Nou moet Bileam erken dat die Here God 'n enige Here is, wat sy volk liefhet en nie gaan toelaat dat Bileam hulle vloek nie. Bileam kan dan ook nie anders as om die volk Israel tot drie maal te seën as Balak die teenoorgestelde van hom verwag nie.

Daar is, behalwe vir die naam Bileam nog 'n tweede eienaam; een wat ons uit gewoonte dikwels mis. Dit is die naam van God. Waar ons gekry het dat die naam van Bileam ons tot 'n spesifieke gebeurtenis in die geskiedenis van die kerk beperk, kry ons nou dat die naam van God ons die vryheid gee om die heerlike geskiedenis van Bileam op onsself van toepassing te maak. Want Hy wat is en wat was en wat kom, word nie beperk tot tye en gebeurtenisse nie. Want "voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortgebring het, ja, van EWIGHEID TOT EWIGHEID is U God." (Psalm 90:2)

En omdat God nie gebind is nie, is Sy Woord ook nie gebonde nie. Dit verbreek alle reëls van tyd en ruimte en daarom rig die Woord van God in Deut. 23:5 hom ook nog tot ons vandag: "Maar die Here JOU God wou nie na Bileam luister nie, maar die Here JOU God het vir jou die vloek in 'n seën verander, omdat die Here JOU God jou liefgehad het." Ja, Hy is jou God en spreek Hom ook maar rustig so aan. Gaan maar saans op jou knieë en sê: "MY God en Vader, dankie dat U vir my die vloek in 'n seën verander het." Ja, die vloek van die sonde was oor ons almal. Die NGB, artikel 14, sê: "Hy het homself egter, deur na die woord van die duiwel te luister, willens en

wetens aan die sonde en daarmee aan die dood en die VERVLOEKING onderwerp."
Maar Deut. 23:5 sê verder dat JOU God jou liefgehad het. En deur God se liefde vir sondaars is Bileam se vloekgedagtes uiteindelik deur God omskep tot ‘n seën in Christus.

Nou leer ons die plek van die Bileamverhaal in die heilsgeskiedenis raaksien. Dis nie maar die verhaal van ‘n armsalige waarsêer wat deur sy eie esel tereggewys moes word nie. Dit gaan hier oor God, hoe Hy aan Sy eer kom en hoe dit tot redding van Sy volk en van Sy kinders vandag strek.

Nou raak Deut. 23:6, soos ons dit in die begin van die artikel kan lees, nie meer ‘n gebod nie, maar ‘n begeerte. ‘n Begeerte om die wil van God in ons daaglikse lewe te doen en om die kring van die spotters (Psalm 1) te vermy; om oortreders U weë te leer (Psalm 51:15) en om die Here te loof omdat Hy so groot en goed is. En dit alles omdat die vloek van die sonde verander is in ‘n seën tot die lewe toe Christus aan die kruis utgeroep het: “Dit is volbring”.

***Oppad***

# IS DIE BELYDENIS GESKRIFTE TYDSGEBONDE .

H Snijder

In die eerste uitgawe van Die Olielamp het ons die vra gevraag: Wanneer jy belydenis van geloof aflê, wat doen jy dan? En dan volg die vrae en die antwoord: Ja.
Daarmee het jy 'n geloofsbeslissing gemaak. 'n Keuse vir die Gereformeerde geloof. Voor die aangesig van die Drieenige God, Vader, Seun en Heilie Gees. Jy sê: ek het Hom leer ken as Vader wat met my 'n ewige genade verbond opgerig het, my as Sy kind aangeneem het en my met alle goeie dinge wil versorg en selfs alle kwaad tot my beswil beskik; as Seun, wat my was in Sy bloed so dat ek van sondes bevry word en as regverdig voor God gereken word; as Heilige Gees,wat in my wil woon, my wil heilig en my wil gee wat ek in Christus het, die daaglikse vernuwing van my lewe. En so word jy in die kerk opgeneem sonder dat jy dit weet. Jy was mos 'n baba toe jy gedoop is. Nou het jy groot geword en jy kies self vir Hom! Jy wil 'n lewende lidmaat wees in die gemeente van Christus, wat Hy vergader deur Woord en Gees in eenheid van die ware geloof. Om die eenheid te bewaar het ons die belydenisskrifte, die formuliere van eenheid. In die geskrifte het ons nagespreek wat die Bybel sê oor God en die ewige saligheid van ons siele.

Ons glo met die hart almal saam en ons bely dit met die mond. Die aanhaling van Paulus uit Rom 10:9,10, waar ons lees: "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding". Die redding en geregtigheid vind ons al in Deut 30:14 en 20: "Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na Sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae." Bely is 'n kwestie van lewe of dood. Daarby het die Here Jesus aangesluit toe Hy sprak: "Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader wat in die hemele is." Buite Hom is daar geen saligheid nie! "Hoor Israel", spreek Moses, "die HERE onse God is 'n enige HERE; jy moet dan weet dat die HERE jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en Sy gebooie onderhou." (Deut 6:4,7:9)
'n Saak van lewe of dood!

Dit bely jy in 'n wêreld waar die gesonde leer nie verdra word nie, waar die oor hom sal afkeer van die waarheid en sal luister na fabels; temidde van mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloen het. (2Tim 4:3,4; 3:5). 'n Wêreld waarin die Gereformeerde geloof afgewater word tot 'n algemeen, oecumenies gesind christendom, sonder belydenis van die ware geloof. Waarin die subjektiewe belewing van die geloof en die liefde tot Christus die grense van die kerk afbreek. Dan bely ons nie meer wat die Skrif ons leer nie, maar ek bely wat ek ervaar.
Is dit wat Johannes sê in 1Joh.4:5,6: "Hulle is uit die wêreld; daarom praat hulle uit die wêreld, en die wêreld luister na hulle. Ons is uit God; hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling."

Leer die dwaling onderken, wat jou wil afrokkel van die ware leer soos ons dit bely. Lees die belydenis en leer sien dat ons bely wat die Skrif ons leer. Die werk van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, in skepping en herskepping, in verlossing en volharding. Mag dit die lewende werkelijkheid wees in die wêreld wat jou 'n andere 'werkelijkheid' voor oe stel, wat na die dood lei. Die lewe voor God se aangesig is altyd sinvol, want dit is Gods-diens. 'n Laaste aanhaling uit die brief aan die Efesiers:
"Soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as Sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van Sy wil, tot lof van die heerlikheid van Sy genade, waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde."

Ons is uitverkies, voorbeskik om die heerlikheid van Sy genade in ons lewe te laat sien voor alle mense. " EK vermaan julle dan, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is." (Ef 1:4-6; 4:1).

---

# MET WIE TROU EK?

Nonka Byker

Dit is een van die belangrikste vrae waaroor jy ooit sal dink. Bloot die feit dat jy hierdie artikel begin lees het wys klaar dat dit ‘n vraag is wat jou interesseer.

**Beginpunt**
In 1 Kor 6 en 7 herinner die apostel Paulus die Korinthiërs aan ‘n basiese Christelike wysheid. In beide hoofstukke 6:20 en 7:23 word ons vertel dat ons “duur gekoop” is. Dit is ‘n waarheid, nie net vir die Korinthiërs van Paulus se tyd nie, maar ook vir ons vandag. Dit is een van die mees basiese leringe vir ons geloof. Elke Christen is die duur gekoopte eiendom van God. Ons is vrygekoop, soos Petrus ook skryf in 1 Pet 1: 18-19: “... omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenshandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ‘n lam sonder gebrek en vlekkeloos...” As Christen het jy nie meer die “reg” om te doen wat jy wil nie. Paulus skryf ook in 1 Kor 6:19 dat “julle nie aan julself behoort nie”. Jou liggaam behoort aan God: dit is die tempel van die Heilige Gees. Dit beteken dat dit jou nie vrystaan om met jou liggaam (of iemand anders s’n!) om te gaan soos jy wil nie. Jy mag nie eers dink dat jou liggaam aan jou behoort nie. Nee! Ons moet God verheerlik in ons liggaam! (1 Kor 6:20) In die huwelik word jy ook dan een met die persoon met wie jy trou. Daarom moet ons onsself altyd afvra of die persoon met wie ons trou iemand is wie God ons toelaat om mee te trou. Omdat jy aan God behoort het jy eenvoudig nie die vryheid van keuse soos ons dit deesdae leer ken nie.

Aan die einde van 1 Kor 7 vertel Paulus ons van een van die primêre kwaliteite vir ‘n huweliksmaat. Paulus skryf hier van ‘n weduwee wat weer wil trou, maar wat hy sê geld vir elke persoon wat graag wil trou: “... is sy vry om te trou met wie sy wil, maar net in die Here” (1 Kor 7:39). Dit is die basiese reël vir die Christelike huwelik. Dit is nie die enigste reël vir die huwelik nie, maar die eerste. Dit moet dus die eerste vraag wees wat ons moet vra voor ons trou - of die persoon met wie ek trou aan Christus behoort. As die antwoord “ja” is kan ons ander vrae ook oordink, maar as die antwoord “nee” is, dan is daar geen rede vir verdere vrae nie. Dit is God se reël: elkeen is vry om te trou met wie hy wil, máár die persoon moet aan die Here behoort. Hierdie reël stem ooreen met die enigste gebod wat die Here aan die mens gegee het voor die sondeval: “En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe” (Gen 2: 16-17). Hierdie gebod gee aan die eenkant oorvloed om van te eet en aan die anderkant sonder dit een boom uit, net een verbode boom waarvan Adam nie mag eet nie. In vergelyking gee God aan die Christen ‘n groot keuse vir ‘n potensiële huweliksmaat, maar Hy verbied duidelik ‘n sekere tipe mens (ongelowige) as huweliksmaat vir Sy kinders, Sy eiendom.

**Waarom God die gelowige verbied om met die ongelowige te trou**
Ek wil nie hier sê dat God nie in Sy genade ‘n ongelowige huweliksmaat kan bekeer nie. Maar dit verander nie die feit dat, in die algemeen,

ongelowige huweliksmaats onbekeerd bly. Dit beteken dat wanneer ‘n gelowige met ‘n ongelowige trou, daar ‘n sterk moontlikheid bestaan dat jy met iemand trou wat lewenslank ‘n vyand van Christus sal bly. Jy kan redeneer dat al die frustrasie en spanning in die huwelik die moeite werd sal wees as die ongelowige op die ou end homself wel tot Christus bekeer. En dit sou ook waar wees as dit wel die uitkoms sou wees. Die apostel Paulus maak dit egter duidelik dat so ‘n saak nie seker is nie: “Want hoe weet jy, vrou, of jy die man sal red; of hoe weet jy, man, of jy die vrou sal red?” (1 Kor 7:16). Die huwelik moet nie net as ‘n instrument tot evangelisasie gesien word nie! God het gesien dat daar vir “die mens geen hulp gevind (is) wat by hom pas nie” (Gen 2:20). Dit beskryf ‘n groot rol van die huwelik - ons is mekaar se hulpe. Net ‘n gelowige man kan vir die gelowige vrou die hulp wees wat sy soek. So ook kan net ‘n gelowige vrou die hulp wees vir die gelowige man.

**Hoekom die gelowige net in die Here moet trou**

‘n Christelike huwelik is bedoel om te wees soos God dit wil hê. Dit is bedoel om te wys wat ware liefde kan bereik. Dit is ‘n verhouding wat oor die jare moet verdiep en groei. Dit is ‘n lewenslange verbinding tussen twee mense om mekaar lief te hê, om mekaar te help en om te leef tot die eer van God. Saam bereik die huweliksmaats die patroon van ‘n huweliksliefde en vervulling wat Paulus in Ef 5:32 beskryf as ‘n groot verbondenheid (Engels: a great mystery). Die huweliksverhouding is ‘n visuele hulp vir die wêreld om die wonderlike verhouding tussen Christus en Sy kerk te wys. Lees hieroor Ef 5:22-33.

Die groot vraag vir die gelowige is hoe ons kan en moet leef om tot eer van God te leef. Die apostel Paulus leer ons dat ons ons hele lewe moet onderwerp aan hierdie een riglyn: “Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God” (I Kor 10:31). Dit beteken dat as ons aan trou dink, ons onsself eers moet afvra of ons trou tot eer van God. Want elke gelowige wat in die Here trou, of hulle wat hulle om hierdie rede weerhou van die huwelik, het hierin ‘n God gegewe kans om die realiteit van hul liefde vir Hom te wys. Mag God hierdie begeerte in ons almal se harte wek!

---

# IS U OOK GESEKULARISEER?

Johan Moes

Ek hoop dat u tyd het om die artikel te lees. Dat u nie oor ‘n paar minute moet weg jaag na die volgende vergadering van die sending, evangelisasie, jeugblad, Kompas, kerkraad, skoolbestuur of een van die ander organisasies. As u moet weg jaag maak tog net seker dat u stoof afgeskakel is, dat die bederfbare kos in die koelkas is, dat u video-opnemer ingestel is om u gunstelingprogram op te neem terwyl u weg is, dat u kos vir môreoggend in huis het, want as u terug kom is die winkels al toe en tenslotte dink goed na oor wat u dalk nog vergeet. Hardloop dan nie te vinnig na u motor toe nie want u “cellphone” lê nog heelwaarskynlik in die huis en moenie in u haas vergeet om net u kar se deur oop te ruk voordat u die “immobilizer” geaktiveer het nie, dalk maak u die bure wakker wat môreoggend om halfses moet opstaan.
As u kyk na die lewensstyl wat ek hierbo aangehaal het sal u sien dat dit baie anders is as die lewensstyl van bv. Abraham of Job. Waar kom hierdie lewensstyl vandaan en wat is sy gevolge ?

1. **Waar kom hierdie lewensstyl vandaan**

1.1 **Verstedeliking**

Kom ons kyk eers na die kernbegrip **sekularisasie**. Dit is die losmaak van ons bestaan aan die tradisionele. Die verwydering van alle mitologiese en religieuse simboliek in die wêreld. Dit kan ook genoem word die volwasse wording van die mens. Werklike sekularisasie eis dat geen enkele wêreldbeskouing, tradisie of idiologie die moontlikheid kry om die wêreldvisie te word nie. Die ironie is, dat as die mondige mens nie leer om te luiser na God, Sy wet en die Evangelie nie, sy mondigheid ‘n nuwe vorm van slawerny word. Kom ons kyk gou na ‘n tipiese voorbeeld van sekularisasie. ‘n Joernalis het ‘n slag geskryf oor die kyk op die onsterflikheid en ewige lewe : “ My grootvader het daarin geglo en was bly daaroor. My vader het daarop gehoop, maar het daaraan

getwyfel. Ek is bang daarvoor. My kinders is nie gepla daaroor nie."

Wanneer die werktuie, die werkwyse, produksie metodes en verspreidingsstelsels van die mens verander, verander ook sy gode. As almal se energie verbruik word om te sorg vir die eerste lewensbehoeftes bly daar min tyd oor vir teoretiseer oor dinge wat ons nie kan sien nie.

**Depersonifikasie in die stad :** Baie mense sien dit as ‘n bedreigende faktor maar vir baie mense is dit die bevryding uit die eng en beknellende familie- of dorpsbestaan. Die stadsmens kan nie bestaan sonder hierdie anonimiteit, dit bied hulle persoonlike vryheid teenoor die slawerny van die konfensie. Die anonimiteit van die stedelike bestaan skep die nodige privaatheid wat noodsaaklik is vir die menslike bestaan. Ons kan nie met almal wat ons ontmoet ‘n privaat relasie aanknoop nie. Voordeel : Relasies in die stad word aangeknoop op grond van ‘n vrye keuse en gemeenskaplike interesse. Hierdie relasies hang selde van meerdere of mindere nabyheid af. Die klag dat stedelinge nooit die moeite doen om hulle bure te leer ken nie hou nie rekening met die feit dat hulle hul bure opsetlik vermy nie, waardeur hulle meer tyd kan spandeer aan die relasies wat deur eie wil ontstaan het. Dink aan die barmhartige Samaritaan, hy betoon naasteliefde, maar op ‘n baie saaklike manier (gaan lees wat hy doen). Die stadsmens het ‘n behoefte daaraan om ‘n skeiding te maak tussen sy publieke en privaat relasies , anders sou hy deur die groot hoeveelhede privaat relasies sy persoonlikheid verloor.

**Beweging :** Sosioloë sê dat die mens wat eenmaal verhuis het , geneig is om dit nog ‘n keer te doen. Hulle sê dat die mens wat in beweging is oor die algemeen oop staan vir nuwe idees en moontlikhede. Nadat hulle ‘n groot verandering beplan en uitgevoer het, skrik hulle nie daarvoor terug om ander veranderinge die hoof te bied nie. Promosie in die industrie hou baie keer die verandering van werkplek in. Reis en die verblyf elders gee die geleentheid om tallose nuwe ervarings op te doen.

1.2 **Ineenstorting van tradisionele religie**
Religie het in ons wêreld ‘n privaat aangeleentheid geword; die oortuigings van individue of groepe. Die mens het agtergekom dat hy self verantwoordelikheid dra vir die wêreld waarin hy leef. Sy tradisie of sy omgewing kan nie die verantwoordelikheid dra vir sy dade nie.

**Hoe dink die moderne mens ?** Alles wat hulle doen moet ‘n doel hê. As ons nie iets vir ons inspanning terug kry nie, is dit nie die moeite werd om tyd daaraan te spandeer nie. Daar is dan baie ander goed wat ons liewer kan doen. Ons besluit self oor ons lewe; wat ons wil doen, wie ons wil ken en ook wat ons wil glo. Ons bekommernis in die lewe is oor hoe ons elektrisiteit nuttig kan gebruik. Ons is bekommerd daaroor hoe die mediese tegnologie tot sy maksimum gebruik kan word en oor die stabiliteit van ons ekonomie en die wêreld orde. Die moderne mens vertrou op homself en op sy medemens. Hy verwag nie sy antwoorde van die kerk of van God nie. Dit is nie omdat hy nie respek het vir die godsdiens nie. Die mens voel egter dat die dinge waaroor hy hom bekommer nie tot die religieuse gebied behoort nie.Die moderne mens dink dus rasioneel. Vir hom is die lewe ‘n reeks van probleme en nie ‘n ondeurgrondelike misterie nie. Hy vermy die probleme wat hy nie kan baas raak nie en spits hom toe op dit waarvoor hy kans sien. Hy spandeer nie baie tyd aan die bepeinsing oor ‘n “eind doel” of ‘n godsdiens nie, hy het geleer om te leef met voorloping oplossings. Daar word deur die moderne mens gespot oor die irrasionele dinge. Hugo de Groot het eenmaal gesê : “Ook God kan niks daar aan verander dat twee maal twee vier is en dat die som van die hoeke van ‘n driehoek saam 180 ° is nie”. Die aarde word nie meer deur die mens gesien as die wagkamer vir die hiernamaals nie, maar as ‘n terrein waar ons onsself ten volle moet uitleef. Die moderne mens wil mondig wees, net soos Adam en Eva ook moeg was vir God se oorheersing, hulle wou gelyk aan God wees.

Al die faktore: verstedeliking, depersonifikasie van die mens, beweging, visie van alles wat om ons gebeur en nog ander faktore dra dus daartoe by dat die mens se manier van denke weg beweeg van die konvensionele, die tradisionele. Hy is oop vir nuwe idees en werk dus saam om sy omgewing te moderniseer of te wel te sekulariseer.

**2 Invloed van sekularisasie**
Die begrip “sekularisasie” is ‘n direkte gevolg van die Bybelse denke en is geensins iets wat die Christen heeltemaal moet afskiet nie. Die Bybel is een van die groot dryfvere van sekularisasie, vandaar dat die sekularisasie gedryf is vanuit die destydse Christelike Weste. Onmiskenbaar profiteer ons almal van die proses van mondigwording en ontgoddeliking van mens en wêreld. Dink slegs aan die stryd teen die slawerny, die herwaardering van die arbeid, die stryd vir die regte van die arbeider, die plek van die vrou in die

samelewing. Dink ook aan die stryd teen allerhande bygeloof en onverdraagsaamheid. Daar kan dus nie ontken word dat sekularisasie in die geskiedenis gefunksioneer het as ‘n reinigingsproses, soos duiweluitbanning (dink aan voorvaderverering). Maar wee die wêreld waarvan die huis bly leegstaan; dan keer daar die duiwels terug, sewe maal sterker.

Die opkoms van die natuurwetenskappe, die demokratiese politieke sisteem en die etiese waarde sisteem, is ontwikkelinge wat ons assosieer met die westerse kultuur wat sterk gelei is deur die Bybelse invloede. Daar is die stelling gemaak dat Christus die lewe gesekulariseer het, Hy het dit bevry van die ban van die magte, Hy het die wêreld magte ontgoddelik, Hy het die mens gebring tot ‘n nuwe verantwoordelikheid.

2.1 **Ontgoddeliking van die natuur**
Dit is nie net die Afrika volke wat glo dat daar magiese kragte en simboliek in die natuur is nie, ons voorvaders, die Germane, het ook daarin geglo. Die volke wat glo in reïnkarnasie glo dat die diere gereïnkarneer kan word tot mense en vica versa. Hoe hulle nou lewe bepaal of hulle in die gereïnkarneerde lewe ‘n hoër of ‘n laer vlak gaan bereik. Die wêreld is vir hierdie mense ‘n geslote sisteem; alles wat was sal weer wees. Die joodse geloof ontgoddelik die natuur en maak ‘n duidelike skeiding tussen God , mens en natuur. Onmiddelik na die skepping word die mens as heerser oor die natuur aangestel deurdat hy aan die diere name gee en hy hulle aan hom onderwerp. Die ontgoddeliking is ‘n voorwaarde vir die ontwikkeling van die natuurwetenskappe en soos ons weet is die moderne mens se leefwêreld nie moontlik sonder die natuur -wetenskappe nie (dink bv.aan massa voedselproduksie, vervoer en sanitere behoeftes ens.).

2.2 **Demokratiese sisteem**
Die veranderinge op staatkundige of maatskaplike gebied is amper onmoontlik in ‘n kultuur waar die regerende hiërargie steun op religieuse legitimasie, waar die koning as goddelik of as ‘n voorwerp van direkte goddelike uitverkiesing gesien word. Die magstryd tussen die pous en keiser in die middeleeue is ‘n goeie voorbeeld hiervan. Hulle mag is gebreek deur die sekulariserende werking van die Bybel. Die staat kan nie bydra tot die verlossing van die mens nie. Die eerste Christene was bereid om vir die keiser te bid, maar het nie toegewyde wierook geoffer nie. Die verskil tussen hierdie twee handelinge is beslissend. Die weiering om vir hom wierook te brand is, om hom alle religieuse outoriteit te ontneem. Op hierdie wyse het die eerste Christene ‘n kragtige bydrae gelewer tot die sekularisasie van die politiek. ‘n Wysgeer en staatsman het beweer dat dit onmoontlik was om onder Christene ‘n sterk staat op te rig, omdat hulle hul religie bo nasionaliteit stel. Daar skuil egter ‘n gevaar in dat die mondige mens ook die strukture van die kerk wil verander, want die mondige mens aanvaar nie gesag van buite af nie.

2.3 **Etiese waardes**
Die moderne mens se denke is gerelativeer. Geen waarde is meer van absolute waarde. Waardes is nou wat bepaalde mense in ‘n bepaalde tyd en in ‘n bepaalde situasie as goed beskou. Die moderne mens moet met die feit saamleef dat sy etiese opvattings, oudtyds sal wees in die oë van sy nakomelinge, soos ook van sy voorvaders se handelinge nou vir hom oudmodies is. Die kernwoord is dus relativisme. Dit wat Paulus in die Bybel sê, was vir die tyd en vir die mense bedoel (kettery). Dink ook dat Paulus die mens se eie waardes aan die kant skuif, dis nie absoluut nie. Die mens vier uitbundig sy vryheid, nou dat hulle sien dat die wêreld se gode wat hulle gevrees het as dood verklaar is, maar tog verlang hy met heimwee na die wêreld waar norme, sekerheid en gevestigde opvattings heers.

**Slot**
Ons is nie van hierdie wêreld maar wel in die wêreld. Wanneer ons ons toesluit in die veilige hawens van ons gemeente lewe (gestel dat dit nog moontlik is) en ons die gesekulariseerde wêreld probeer vemy, versaak ons ons roeping en doof ons ons getuienis uit. Die wêreld is die broeiplek van satan, ons moet die veranderinge in ons kultuur altyd aan die wortel toets. Wat ek dus wil sê is **: moenie al die sekularisasie as duiwels afskiet nie maar waak teen die lis van die Satan.**

# BYBEL EN NATUUR

Frans Hagg

*"En God het gesê: Laat die waters wemel met 'n gewemel van lewende wesens, en laat die voëls oor die aarde vlieg langs die uitspansel van die aarde.... En God het gesê: Laat die aarde lewende wesens voortbring volgens hulle soorte: vee, kruipende diere en wilde diere van die aarde volgens hulle soorte. En dit was so.*" (Gen. 1:20,24).

"Ons gaan lekker wildtuin toe!" "Jy is gelukkig, ek wens ek kon gaan." Vir ons almal is die wildtuin 'n lekker vakansieplek. Daar kan 'n mens van die natuur geniet en weer rustig raak na 'n lang jaar van harde werk. Maar die natuur is meer as net 'n vakansieplek. Dit is die tuin van God. Soos die bekende skrywer, P.J. Schoeman, sê: "In die natuur voel dit asof jy baie nader is aan God". Maar in die natuur moet ons as Christene ook werk. God het tog in Genesis 1:28b gesê: "Onderwerp die aarde en heers oor die visse van die see en oor al die voëls van die hemel en oor al diere wat op die aarde kruip". Dit wil sê dat ons die natuur moet onderhou en dit so beheer dat dit tot eer van God is. Ons moet die natuur ook beskerm en bewaar. Die natuur kan so vinnig tot niet gaan, maar dit vat baie lank om te herstel. 'n Goeie voorbeeld is die Groot-Karoo. Vroeër was dit 'n wuiwende landskap van gras en groepies bome, maar vandag is dit 'n uitgedroogde landskap van harde bossies en amper geen bome, om nie te praat van die wild wat verdwyn het nie.

Maar net bewaring is nie genoeg nie. Ons moet ook navorsing doen, sodat ons die natuur reg kan beheer. God het nie verniet vir die mens die gawe gegee om meer oor die natuur uit te vind nie. Laat ons almal saamspan om God se tuin te bewaar en sodoende die goeie wil van ons Vader uit te voer.

God gebruik self ook die natuur om sy wil uit te voer op aarde en onder die mense. Daar is baie voorbeelde in die Bybel. God gebruik die sondvloed om die aarde te reinig, en dra voorbeelde van alle diere, en Noag en sy gesin in die ark (Gen. 7). Daarna gee Hy die reënboog as 'n waarborg vir sy versorging van die natuur. 'n Ander bekende voorbeeld is die sprinkaanplaag in Egipte voor die uittog van Israel (Ex. 10). Hier sien ons hoe God die mense straf met behulp van die natuur. Ander voorbeelde is droogte en hael, waarna die profete dikwels verwys (Mal. 3.11). In Deut. 28 word die natuur dikwels gebruik om die verbondseën en vloek uit te voer.

So het God ook die natuur gebruik om vir sy volk te sorg. 'n Bekende voorbeeld is die manna en kwartels in die woestyn (Ex. 16). Ander voorbeelde is die kraaie wat vir Elia kos bring op God se bevel (1 Kon. 17:6), of toe 'n berin 42 seuns aangeval het toe hulle vir Elisa gespot het (2 Kon. 2:24). 'n Ander voorbeeld is die vis wat Jona ingesluk het om te voorkom dat hy verdrink (Jona 1:17).

Die natuur word ook simbolies in die Bybel gebruik. Die slang is die simbool van die duiwel (Gen. 3 en Openb. 12:9). Maar die slang kon ook 'n reddende simbool wees, bv. toe die volk Israel in die woestyn 'n straf van die Here ontvang het, waar giftige slange die mense gebyt het en waarvoor daar geen genesing te vinde was nie. God het egter op die gebed van Moses 'n eenvoudige oplossing gegee: Moenie jou vertroue stel op dokters en serums nie, kyk slegs vir die koperslang op 'n stok wat deur Moses gemaak is in opdrag van God. Daardeur wys God ons dat ons nie net op menslike dinge moet vertrou nie, maar meer op God.

Elke stam in Israel het ook 'n simbool gehad, wat dikwels na die natuur verwys het:

| | |
|---|---|
| Ruben: | 'n Liefdesappel, omdat hy as seun altyd dit vir sy moeder ingesamel het. |
| Juda: | Die leeu, want sy vader, Israel, het die titel aan hom gegee by sy sterfbed. |
| Dan: | 'n Slang. |
| Naftali: | 'n Gasel. Dit is 'n vlugvoetige boksoort wat in die kliprantjies gewoon het. |
| Issaskar: | 'n Esel. |
| Aser: | 'n Olyfboom, omdat die land wat hulle sou erwe baie vrugbaar was. |
| Efraim & Manasse: | Beeste. |
| Benjamin: | 'n Wolf. |

God se mag word ook op baie maniere in die Bybel uitgebeeld met verwysing na die natuur. 'n

Goeie voorbeeld vind ons in Job 37 tot 41. In hierdie hoofstukke wys God sy onoortreflikke mag deur net vir Job die natuur te wys wat hy gemaak het (net soos in Ps 104). God vra dan vrae vir Job:

- Wie kan die weerlig en donderstorms terughou?
- Wie verwek die reën?
- Kan jy die prooi jag vir die leeuin?
- Sal die buffel gewillig wees om jou te dien?
- Gee jy aan die perd sy sterkte?
- Vlieg die adelaar hoog op jou bevel?

Dit is opvallend dat daar deur die HERE baie aandag gegee word aan die seekoei en krokodil, diere wat nie vir ons aantreklik is nie. Hier onder is nog 'n paar voorbeelde:

- Die seekoei se gebeente is soos pype van koper.
- Sy bene is soos yster stawe.
- Hy voel gerus as die Jordaan bruisend afkom.
- Kan jy die krokodil uittrek met 'n hoek?
- Kan jy sy kakebeen met 'n haak deurboor?
- Sal hy met jou 'n verbond sluit of jou slaaf wees?

Net deur hierdie paar aanhalings voel 'n mens al klein en nietig teenoor die almagtige God. 'n Mens kan nie anders as om dankbaar te wees dat God ons uit genade aangeneem het en vir ons so goed sorg. Dink net daar aan wat Hy vir ons belowe in Mat. 6:25 en vervolg. Want as die voëls van die hemel nie hoef te saai nie en tog elke dag genoeg kos kry, hoeveel te meer sal God dan tog sorg vir sy kinders, die kroon van die skepping?

---

# ABORSIE

Wilma Lubbinge

In 'n vorige artikel het ons die volgende aspekte aangaande aborsie aangeraak:

- Vryheid van keuse.
- Dit is internasionaal aanvaarbaar.
- Wat van die agterstraat aborsies?

In hierdie artikel sal ons na die volgende punte kyk nl.:

- Deur meer ongewenste swangerskappe toe te laat sal kindermishandeling toeneem.
- Wat van die arm swanger vrou met 10 kinders. Het sy nie 'n aborsie nodig nie?
- Wat van oorbevolking?
- Die moeilike gevalle bv. swangerskap agv verkragting en bloedskande.

**Deur meer ongewenste swangerskappe toe te laat sal kindermishandeling toeneem.**

In Californië is navorsing gedoen oor kinders wat mishandel is, die studie het uitgewys dat 91 % van die kinders wèl beplande swangerskappe was. Dit is dus onsinnig om te redeneer dat kindermishandeling sal toeneem as aborsie nie toegelaat word nie. Is aborsie dan nie die ergste manier om 'n kind te mishandel nie!

Die bybel tree ook uiters beskermend teen kinders op:

Abram mag Isak nie offer nie-Gen 22:12

Kinders mag nie geoffer word, soos by die heiden nasies nie.

Ps 106:37-42 "*Bowendien het hulle hul seuns en dogters aan die duiwels geoffer en onskuldig bloed vergiet, ..... sodat die land deur bloedskande ontheilig is. .....*"

Matt 18:5,6 "*En elkeen wat een van sulke kindertjies in my naam ontvang , ontvang My; maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in my glo, laat struikel, dit is vir hom beter om 'n meulsteen aan sy nek gehang te word en hy wegsink in die diepte van die see."*

"*Wanneer 'n vrou haar reg oor haar liggaam uitoefen sonder om 'n ander in ag te neem word dit genoem:*

*aborsie.*

*As 'n man dieselfde filosofie uitoefen (op 'n vrou) word dit genoem:*

*verkragting*"

**Wat van die arm swanger vrou met 10 kinders, het sy nie 'n aborsie nodig nie?**

Aborsie word baie keer gesien as 'n oplossing vir die oorbevolking in derdewêreld lande. As ons volgens die bybel na die kwessie kyk sien ons dat elke kind 'n geskenk is van God - *"Kyk seuns is 'n erfdeel van die Here, 'n gawe van die moederskoot*" Ps 127:3

Die hele Ps 128 gaan dan ook oor die wonderlike gawe om kinders van die Here te ontvang en hulle te mag geniet.
As bogenoemde argument gebruik word, word die kern van die getroude lewe misgekyk en bly ons ongehoorsaam aan God se opdrag om die aarde te vul en dit te bewerk-Gen1:28

**Wat van oorbevolking?**
Oorbevolking is 'n wanopvatting. Die wêreld is nog lank nie oorstroom nie, dit mag dalk wees dat sekere gebiede oorbevolk is maar daar is ook nog gebiede wat baie yl bevolk is. Die rede waarom daar in sekere gebiede hongersnood , oorbevolking en algehele chaos is, is te wyte aan die kombinasie van faktore soos korrupsie, oorloë, tekort aan tegnologie, misbruik van hulpbronne, gulsigheid,

vermorsing, wanbestuur deur regering, swak verspreiding van voedsel en so kan nog talle faktore opgenoem word. Dit alles is die resultaat van die sonde. Hoe kan ons dan probeer om een sonde met 'n ander sonde uit die weg te ruim? Ons sien dit so duidelik in die geskiedenis van Dawid met Batseba. Dawid vermoor Uria omdat Batseba buite-egtelik swanger is by hom en hy dit nie bekend wil laat word nie. Een sonde kan nie 'n ander sonde ongedaan maak nie.
Ons moet 'n kinderlike vertroue in die Here hê dat Hy alles in beheer het en dat ons nie hoef/kan ingryp met ons menslike planne nie.

**Die moelike gevalle, waaronder val: swangerskap agv verkragting en bloedskande.**

*Swangerskap agv verkragting:*
Slegs 0.06% van verkragtings lei tot swangerskap. Maar die feit bly staan dat daar wel bevrugting kan plaasvind. Wat moet ons houding dan wees? Dit is logies dat die vrou nie hierdie kind wil hê nie, veral omdat dit haar herinner aan die verskriklike daad. Maar die feit bly staan dat die ontwikkelende embrio 'n mens is, en dat hy onder God se beskerming staan. Mens moenie onsensitief teenoor die vrou staan nie, sy was die slagoffer van 'n verskriklike daad, maar gee dit haar die reg om die onskuldige lewe in haar te vermoor?

So sal sy ook 'n skuldige word.

'n Vrou wat verkrag is moet sielkundig gehelp word om die trauma te verwerk. Om nog 'n moord ook nog te pleeg is dikwels meer traumaties as die verkragting self omdat hulle dan nie meer 'n slagoffer is nie, maar 'n skuldige! 'n Misdaad is gepleeg maar die verkragter moet gestraf word en nie die baba nie. Elke mens moet vir sy eie sondes gestraf word:

"*Die vaders mag nie vir die kinders, en die kinders nie vir die vaders gedood word nie, elkeen moet vir sy eie sondes gedood word*." Deut 24:16

In Deut 22: 25-27 word ons ook geleer dat net die skuldige - die verkragter - gedood moet word en nie die meisie nie want sy het geroep en niemand het haar gehoor nie.
Die ongebore baba het ook 'n doel hier op aarde waar hy deur God geplaas is.

**Gestremde babas:**
*" In 'n mediese opleidingsskool gee 'n professor die volgende gevallestudie vir sy studente: Die ongebore baba se pa het sifilis en die ma tuberkulose. Van hulle vier vorige kinders was die eerste blind, die tweede het gesterf, die derde was doofstom en die vierde het ook tuberkulose. Wat sou jul aanbeveling vir die vrou wees as sy uitvind sy is weer swanger? Een student gee die voor-die-hand-liggende antwoord: Ek sal 'n aborsie aanbeveel. Die professor antwoord: Jy het so pas Beethoven doodgemaak!"*

Die feit bly staan dat al is die kind gestremd, hy nog steeds 'n kind van God is en 'n doel het op die aarde. En wie is ons om te besluit wie mag lewe en wie nie, ons leef dan self net uit genade!

*"Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my tog so gemaak nie? Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie*" Rom 9:20-21

Samevattend: Die moeilike gevalle bly moeilik, maar dit moet ook nie gebruik word om aborsie goed te praat nie. Ons moet die bybel as ons rigtingwyser gebruik en nie luister na ons eie sondige natuur nie, maar God se wil doen.

"*Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuienis teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag.*" Deut 30:19

***Voel jy ook so?***

# KONGRES 1997

Maryke van der Eems

Johannesburg, julle het julleself oortref! Na my mening was Kongres'97 nie alleen die beste Johannesburg-kongres ooit nie, maar ook die puikste kongres in my kongresloopbaan.

Alles was uit die boonste rakke en geen moeite is ontsien om die kongresgangers so tuis as moontlik en soos vyfster hotelgaste te laat voel nie. Laat ek maar begin by dit waarsonder ons gewis nie die pas op kongres sou kon volhou nie, naamlik die KOS! Dit was die eerste (en waarskynlik die laaste) keer dat ons byna elke middag- en aandete 'n driegangmaaltyd kon geniet uit die boonste rakke, daarvoor alle dank aan die bekwame kok, oom Arie Kuyvenhoven. Boonop was daar sommer tussendeur varsgebakte muffins met konfyt en room op die tafels vir die tussenin-eters en daar was altyd koffie en tee beskikbaar. As daar dus op kongres nog honger mae was, kon dit slegs wees omdat die eienaar van die maag waarskynlik deur ontbyt of ander maaltye geslaap het.

Die berugte debat oor die balans tussen sosiaal en geestelike aktiwiteite is, wat my betref uitstekend aangespreek op hierdie kongres nadat kongresgangers die vorige jaar aangedui het dat daar 'n effense klemverskuiwing na die geestelike moet plaasvind. Die 'workshops' was oorwegend baie interessant en relevant, en het twee ure verby laat snel. Die tydsrooster wat bepaal het dat die workshops almal in die eerste twee dae aangepak is, was baie effektief en het tot die gevolg gehad dat daar genoeg vrye tyd aan die einde van die kongres geskeduleer was. Verder was daar ook nog die debat, waarmee ons afgeskop het, om ons almal sommer van die begin af in die regte stemming te kry, hoewel daar miskien bietjie te min tyd vir deelname van die gehoor toegelaat is en die sprekers bietjie te veel op die hart gehad het.

Dit was ongetwyfeld 'n baie besige kongres, met 'n volgepakte beplanning, met konstruktiewe, goed georganiseerde ontspanning vir die wat belanggestel het. Die beplande aktiwiteite was oorwegend goed georganiseer, en plooibaar vir die behoeftes van die kongresgangers. Die

kampterrein, wat binne ‘n natuurreservaat op ‘n eiland geleë is, het uitstekende geleenthede gebied om te gaan stap, en diere kyk, of gewoon van die natuur te geniet.

Maar sonder ons bekwame kongresouers sou ons nie so ‘n insidentvrye kongres kon hê nie. Die reëls is op uiters demokratiese en diplomatiese wyse bepaal en so ook die tugprosedure, wat gelukkig nooit gebruik is nie. Hierdie wyse van onderhandeling oor reëls het duidelik byval gevind by die kongresgangers en is, wat my betref, die manier waarop kongresreëls in die toekoms ook vasgelê behoort te word.

Laaste, maat nie die minste nie, was daar ‘n onvergeetlike Kers(lig)ete die laaste aand. Met rustige musiek het ons piekniek gehou in kers- en maanlig onder ‘n helder sterrehemel. Hierdie aand van byna volmaakte harmonie het vir my die afronding van die hele kongres weerspieël en met ‘n gewisse danklied in my hart gelaat vir ons Almagtige God wat die kongres en sy doel so ryklik geseën het en wat ons so ‘n puik geleentheid gegee het om Hom almal saam te dien en eer!

---

# KONGRES 1997

Karina Smit

Nadat ons almal by die Vaaldam aangekom het, wag ons vir die ferry om ons na die eiland te neem. Nadat die ferry al 'n keer oor was en besig was om die tweede groep oor te vat, het daar probleme met die enjin ontstaan, maar gelukkig is dit gou herstel. By die kampterrein het almal die slaap- en eetsale verken. Die eerste aand is afgeskop met 'n groot kenmekaar en 'n groentjiekonsert. Die eerstejaars moes nou vinnig 'n klomp snaakste goed van sekere mense agterkom. Nuwe vriendskapsbande (en ook verhoudings) het ontstaan. Die tweede aand was daar 'n karaoke. Baie talent is ten toon gestel. Die derde aand het ons rustig kersliedere gesing en die laaste aand was die bekende kongresete wat 'n piekniek en 'n baie romantiese atmosfeer ingesluit het. Daar was ook tyd vir die werkswinkels. Dit was puik aangebied en almal het daaroor gepraat. In kleiner groepe was die bespreking onder mekaar makliker en almal was daarby betrokke. Die onderwerpe is op vandag se lewe toepaslik. Nog 'n hoogtepunt was die kos. Dit was van uitstaande gehalte. Dit het in almal se smaak geval en almal het so lekker geeet dat daar met die laaste warm maaltyd niemand meer lus was vir die nagereg nie. Kersdag het Ds. Boesenkool vir ons 'n samekoms gehou. Daar kon ons weer

die wonderlike boodskap van Christus se geboorte herdenk. Woensdag het Ds. Arjan de Visser saam met agt jong mense van die Sohanguve gemeente by ons gekuier. Dit was ook lekker om hulle idees in die werkswinkels te hoor. Ek dink ons kan almal van hierdie kongres as 'n reuse sukses praat. Ons kan almal weer vir Johannesburg baie dankie sê vir al hulle moeite en insette en ook vir Kaapstad sterkte toewens vir die voorbereidings vir hierdie jaar se kongres.



# DEUR DIE SLEUTELGAT

Ja, 1997 is weer verby en 1998 is al aan die gang. Graag wil ons namens die sleutelgatloerders alle nuwe en ou jeuglede 'n voorspoedige 1998 toewens, en hulle ook aanmoedig en aanspoor om tydig en ontydig nuus te versamel, te maak of te veroorsaak (afhangende van jou berugtheid) vir "die Sleutelgat."
Die deur van 1997 is nou heeltemal oopgesluit. As jy nog agter is, word jy vriendelik verwys na vorige uitgawes van die Rehoboth of Die Olielamp. Ons staan egter voor die geslote deur van 1998. Wie weet wat alles aan die ander kant kan gebeur? Watter
interessante gebeure vind plaas onder ons jeug hier in die Kaap? Loer saam met ons deur 1998 se sleutelgat. Net nie te lank nie omdat jy anders 'n skop op jou sitvlak van jou ma kan kry omdat sy dink dat jy jou neus in ander se sake insleutel...

Ontvolking van die platteland was nog altyd 'n hartseer situasie. Vir 1998 is dit dieselfde in die Kaap.
Gerrit Kamphuis, en al sy manewales by Klapmuts Concrete, is ongelukkig nie meer sigbaar deur ons sleutelgat nie. Sterkte daar in Gauteng Gerrit, hoop ons sien jou een of ander tyd weer hier! Met deesdae se langafstand aandeelhouers (ouens en meisies wat oor 1500 km vry) is dit nie onmoontlik nie.
Christine Scheltens is na Holland vir 'n jaar om te gaan "au pair." Snaaks dat Kapenaars die Hollanders moet gaan oppas. Vasbyt Christine!
Jopie van der Linden verlaat ook die Kaap, gelukkig net vir gedeeltes van die jaar. Is dit nou vir Jennie, of vir die studies, Jopie? Namens die Kaapse jeug: baie sterkte met die teologiese studies Jopie, en mag die seën van die Here daarop rus!
Ronel van der Linden het gaan skoolgee in Pretoria by die Johannes Calvyn Laerskool. Ronel, onthou hierdie belangrike spreekwoord van die oues van dae: "Ja....de jeugd van vandaag hé?!...." Sterkte daar, moenie dat die kinders jou onder kry nie!

Gelukkig het die platteland genoeg aftrek by jong energieke mense, en is tydelike bevolkingsherstel sigbaar, veral as mens kyk na 'n plek soos....Mooreesburg (reg gespel?).
O bring my terug na die ou Tr..... sorry, M'reesburg! Met sy glashelder rivierwater en sy uitgestrekte krieketvelde (Gelukkig was daar, snaaks genoeg, **skaap**honde met 'n voorliefde vir tennisballe....nou ja, volgende keer tennishonde). Dit was seker vir die meeste van ons die begin van 'n lekker vakansie. Graag wil ons vir oom Riaan en tannie Rozanne (ons kampouers) bedank vir die organisasie van die kamp, dit was regtig baie lekker. Behalwe vir die feit dat ons die rugby oor die radio moes kyk (miskien sal ons volgende keer mimiekspelers nodig hê...hoe lyk dit Jacques?). Frans, dink vir die volgende keer maar aan regstreekse satelliet Internetkoppeling vir die rugbywedstryde. Ons is verder bykans seker dat Ronel net porselein 'tupperware' saamgekry het na Pretoria, nadat sy haar se eie ma se 'tupperware' deksel verbrand het.
Floris, Frank, Ernst-Jan en Jacques het verder die baie breë rivier gaan verken met hul 'tubes' (swartgekleurde rubberagtige dryftoestelle) vir 'n moontlike waterroete na die RAU-eiland in die Vaaldam. Hul pogings het na 200 km (of was dit nou meter) gefaal as gevolg van brandende sontoestande, en omdat oom Riaan geroep het: "Nee kinners, kom-kom!....Nie te ver en te diep nie, nou-nou verdwaal julle!!"
So van die RAU-eiland gepraat, kan iemand ons inlig of die eiland al gesink het na die kongres? Ons hoop nie dat die eiland in die geskiedenisboeke langs die gesonke stad Atlantis verskyn nie! Die meeste van ons worstel verder nog met slaapprobleme van die eerste dag se uitputtende program, maar niemand kan stry nie, dit was 'n onvergeetlike kongres waar ons almal as kinders van die Here baie mog leer. Baie dankie Johannesburg vir die kongres, dit was puik!!
Dit sou egter raadsaam wees om in die vervolg die hele kongres met 'n Hovercraft (kragaangedrewe lugkussingboot) oor die dam te vervoer. Verskeie mense het panies begin raak toe die boot in die middel van die dam gaan staan het. Gelukkig was dit nie nodig om iemand of iets oorboord te gooi nie, en het die meganikuste

onder ons die elektriese drade so gekoek dat ons verder kon gaan.
Wie sal verder die kongrespiekniek (kersete) vergeet?? Morantie...uh...romanties!

Ons wil verder nog aan almal hier in die Kaap en elders wat verjaar het, of nog moet verjaar in Januarie en Februarie baie geluk sê, en sterkte toewens vir die nuwe jaar. Mag die Here julle in sy weë lei in die komende jaar. Ook aan almal wat met 'n verhouding begin het (seun-meisie), baie geluk en mag die Here dit seën tot eer van sy Naam!

Ons volstaan op hierdie moment met die nuus van die sleutelgat. Laastens die weervoorspelling vir die Kaap: sonnige toestande in die eerste tyd, daarna reën, nattigheid en hopelik geen sagerynigheid. Vir die laaste deel weer uitstekende weersomstandighede, baie sonskyn....perfekte toestande vir die Kaapse kongres!
Groete!
Die sleutelgatloerders.

***Rondvraag***

# VERJAARSDAE

**PRETORIA**

| | |
|---|---|
| Pieter van den Dolder | 1 Februarie |
| Arjen Buenk | 4 Februarie |
| Trudie de Jager | 11 Februarie |
| Gerrit Smit | 17 Februarie |
| Carina van der Horst | 23 Februarie |
| Hannes Venter | 24 Februarie |
| Marjanie Roose | 2 Maart |
| Ineke Roose | 2 Maart |
| Annemarie Lubbinge | 15 Maart |
| Suzette Smit | 20 Maart |
| Annelieke de Vries | 21 Maart |
| Kornelis Miske | 21 Maart |

**MARANATHA**

| | |
|---|---|
| Wolter Miske | 10 Februarie |
| Roelof de Jong | 18 Februarie |
| Jan Bron | 21 Februarie |
| Nick Vermaak | 8 Maart |
| Jennie Kampman | 11Maart |
| Jean Paul van den Bout | 12 Maart |
| Ingrid de Jong | 20 Maart |
| Hilbert van den Bout | 25 Maart |
| Marinus de Jager | 31 Maart |

**KAAPSTAD:**

| | |
|---|---|
| Sonja van der Linden | 15 Februarie |
| Corrien Geleijnse | 1 Maart |
| Padda van der Vinne | 3 Maart |
| Jan Maarten Raimond | 21 Maart |
| Frank Douma | 30 Maart |

**JOHANNESBURG:**

| | |
|---|---|
| Jan Reyneke | 16 Maart |
| Wolter Bijker | 20 Maart |

# GEDAGTES

Other blessings may be taken away
but if we have acquired a good friend
by goodness, we have a blessing
which improves in value when others fail.
It is even heightened by sufferings.

-W.E. Channing-

Real friends are those who,
when you've made a fool of yourself,
don't feel that you've
done a permanent job.

-H.M.E.-

Eers as jy die natuur kan waardeer,
kan jy God en jou naaste waardeer.

Annemarie de Vente

DIE OLIELAMP

**Nasionale Jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika**

# MENINGSPEILING

**Hallo daar**

Met Johan, met my gaan dit goed en met julle, dis mooi ! Ek neem dus aan dit gaan goed met julle. Ek wil graag julle almal ‘n guns vra. **Gee julle mening oor die nuwe jeugblad** !

1. Waaroor moet daar geskryf word, is die blad te formeel ?

   .....

   .....

2. Wie mag in die blad skryf ?

   .....

   .....

3. Moet die artikels altyd oor ons geloof gaan ?

   .....

   .....

4. Mag ons advertensies plaas in die blad, soos “Saamry geleentheid gesoek Kaap toe” ?

   .....

5. Enige ander voorstelle:

   .....

   .....

Julle mag kritiseer, ons het breë skouers, windgat nê. Ek hoop julle sal almal hierdie strokie invul en vir julle plaaslike redakteur gee. Ons sal dit verwerk en dan publiseer. Skryf net netjies.